

**4 Mei**

**Skrifgedeelte: Openbaring 12**

**Fokusgedeelte: Openbaring 12:13,14**

### **Vlieg met arendsvlerke**

Na ons Here Jesus se hemelvaart is Satan (ook genoem: duiwel, draak, slang van ouds – vers 9) en al sy bose engele uit die hemel uitgewerp en op die aarde gegooi. Dit het die Satan woedend gemaak. Omdat hy Christus nie kon oorwin nie, het hy hom teen die kerk gerig (die vrou). Sy doel was nou om die kerk van die Here te vernietig; daarom “het hy die vrou [kerk] agtervolg ...” Duisende martelare is bloedgetuies van hierdie vervolging – deur al die eeue en in baie lande. Die Sataniese vervolging het nog nie opgehou nie en daarom moet ons steeds daarop bedag wees.

Gelukkig weet ons dat die Here regeer! Hy beskerm, bewaar en versorg sy kinders en daarom gee Hy aan sy kerk twee groot arendsvlerke om die Satan te ontvlug. Ja, die kerk kan met arendsvlerke wegvlieg! Wat is hierdie arendsvlerke? Ons weet nie presies nie.

*Eerstens* kan die arendsvlerke op God self dui. Hy dra sy kerk soos op arendsvlerke (vergelyk Eks 19:4; Deut 32:11,12). Met sy goddelike magswerking bewaar Hy sy kerk en neem Hy sy kerk weg van die Satanswoede en vervolging.

*Tweedens* kan die twee arendsvlerke dui op die werk van ons Here Jesus en die werk van die Heilige Gees. Jesus het ons met sy bloed, kruisdood en opstanding gered uit die woedende kloue van Satan en die ewige dood. Sy Gees vertroos, lei en vernuwe ons. Hy versterk ons met sy krag – die jeugdige krag van ‘n arend (Ps 103:5).

*Derdens* kan die twee arendsvlerke dui op geloof en gebed. Soos ‘n arend met twee vlerke vlieg, so vlieg die kerk weg van die Satan met die vlerk van geloof in Jesus Christus én met die vlerk van gebed – albei aktief werksaam. Deur die geloof word ons gered en deur die gebed neem ons ons toevlug tot die genadetroon van ons almagtige God. Die geloof en gebed openbaar ‘n Christen se vertroue op God: “... dié wat op die Here vertrou ... vlieg met arendsvlerke” (Jes 40:31). So vlieg ons ver bo die chaos van die Satan se woede uit.

*Ds H Reinecke (George)*